PIETERSBURG

# NOTULE * MINUTES

LEDEVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **4 NOVEMBER 2014**

PIETERSBURG

Kantoor: Biccard Straat No.3.
Tel. No. 015 291 3820
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Rudi Myburgh Tel. No. 083 229 0148 e-pos: myburghrudi@gmail.com
Ondervoorsitter: Basie Breytenbach Tel. No. 083 232 6325 e-pos: bbreyton@lantic.net
Sekretaris: Stephan du Plessis Tel. No. 084 491 1165 e-pos: duplessis.stephan@yahoo.com
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za

---

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING<br>STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.1** | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming**<br>Rudi Myburgh heet almal teenwoordig welkom by die vergadering en versoek Dennis Traynor om die vergadering met `n gebed te open. | Rudi Myburgh |
| **1.2** | **Voorlees van Doelstellings**<br>Rudi lees die doelstellings van die Vereniging voor en vra die lede om die doelstellings na te streef. | Almal |
| **1.3** | **Verskonings / Apologies**<br>Hannes Senekal, Adrian Wreyfort, Ockert Fourie, Mari Venter, Frikkie van Deventer. | Almal |
| **1.4** | **Presensielys / Attendance List**<br>Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. | Almal |
| **1.5** | **Mosies / Motions**<br>1.5.1 Quintin en Lizelle Reynolds word geluk gewens met die geboorte van hul dogter. | Almal |
| **1.6** | **Korrespondensie / Correspondence**<br>Geen korrespondensie is ontvang nie. | Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.7** | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting** | |
| | 1.7.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes | Almal |
| | Rudi Myburgh lees die notule voor van die vergadering wat gehou was op 7 Oktober 2014. | |
| | 1.7.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes | |
| | 1.14.4. Verander 2012 in die eerste sin na 2011. | |
| | Verander die tweede 1.14.4 na 1.14.5. | |
| | Verander 1.14.5 na 1.14.6. | |
| | 2.2. Verander opskrif na Algemene Jaarvergadering. | |
| | 1.7.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by | |
| | Dennis Traynor | |
| | 1.7.4 Gesekondeer deur / Seconded by | |
| | Fanie Hattingh | |
| **1.8** | **Vasstelling van die sakelys – Nuwe Sake** | |
| | 2.1. Uitvoerende dinee – 22 November 2014<br>2.2. Pietersburg afsluiting – 28 November 2014 | Rudi Myburgh |
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising** | |
| | 1.9.1 Skietbaan | |
| | Rudi rapporteer dat die hek teen die einde van Januarie 2015 reg behoort te wees. Ledegelde is betaalbaar van 1 Maart af. Tans is die bedrag R200.00/jaar. Rudi noem ook dat die skietdae op die nuwe almanak aangetoon is. | Rudi Myburgh |
| | 1.9.2 Nuwe lede - Goedkeurings | |
| | Rudi lees die name van nuwe lede voor.<br>N Erasmus, A Erasmus, F vd Berg, GI Badenhorst | Rudi Myburgh |
| | 1.9.3 Almanak 2015 | |
| | Rudi rapporteer dat hy die proef van die drukkers ontvang het en dat hy hoop om die almanakke teen Desember by die kantoor beskikbaar te hê. Die almanak sal aan lede wat dit versoek gepos word. | Rudi Myburgh/ Debbie |
| **1.10** | **Opleiding / Training** | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | 1.10.1 Baanbeampte kursus | |
| | Rudi rapporteer dat `n datum nog nie gefinaliseer is nie, maar versoek Stan om `n kursus vir Februarie 2015 te reël. Lede wat die kursus wil doen moet hulle name by Debbie opgee. Lede wat diens doen kry afslag op hul ledegelde. | Stan Rodgers / Debbie |
| | 1.10.2 Chasa kursus | |
| | Lede wat die kursus wil doen moet hulle name by Debbie opgee. Daar word beplan om `n kursus vroeg in 2015 aan te bied. | Stan Rodgers / Debbie |
| | 1.10.3 Junior Opleiding | |
| | Kinders wat die kursus wil bywoon moet hulle name by Debbie opgee. Datums sal nog bevestig word. | Stan Rodgers / Debbie |
| **1.11** | **Toegewydejagters / Dedicated Hunters** | |
| | 1.11.1 Algemeen | |
| | Rudi versoek weer dat bewyse van jagte en ander aktiwiteite so gou moontlik na Debbie gestuur moet word vir registrasie. Lede moet ook seker maak hulle teken die registers tydens aktiwiteite. Ledegelde moet ook op datum wees. Die wet vereis dat `n persoon aaneenlopend lid moet wees, anders verval sy toegewyde jagter status. `n Lys van lede wat nie aan die vereistes voldoen word einde van November aan die SAPD gestuur. | Toegewyde Jagters |
| | Rudi meld ook dat slegs opbetaalde lede stemreg het tydens die Algemene Jaarvergadering. | |
| | 1.11.2 Nuwe goedkeurings | |
| | Rudi Myburgh rapporteer dat daar geen nuwe aansoeke die afgelope maand was nie. | Almal |
| **1.12** | **Finansieëleverslag / Financial report** | |
| | Ben Redelinghuys lewer die finansieële verslag. Die verslag word by die oorspronklike verslag aangeheg. | BRedelinghuys |
| **1.13** | **Sosiaal / Social** | |
| | 1.13.1. Algemeen | |
| | Rudi noem dat daar nie kos beskikbaar sal wees by die Pub na die vergadering nie. | Almal |
| **1.14** | **Skietdae** | |
| | 1.14.1 Skietdag (Terugvoer) – 18 Oktober 2014 | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | Dennis rapporteer dat 52 skuts die dag bygewoon het waarna hy die uitslae lees. | Dennis Traynor |
| | 1.14.2 Skietdag – 22 November 2014 | |
| | Rudi rapporteer dit sal `n .22 Chasa Liga en 9 skoot Chasa tabel kompetisie wees. | Dennis Traynor |
| | 1.14.3 Na Seisoen Skietdag – 6 Desember 2014 | |
| | Rudi rapporteer dat die reëlings vlot verloop. Die skietdag word op Warmbad aangebied. Daar sal ses bane wees met 2 ghonge en 4 bok teikens. Veld toestande sal nageboots word. Uitslae tel vir opname in die BJV se Intervereniging span. Inskrywing is R150.00/persoon. | Rudi Myburgh |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING<br>NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **2.1** | **Uitvoerende Dinee – 22 November 2014** | |
| | Rudi noem dat die Vereniging se dinee en prysuitdeling op 22 November 2014 sal plaasvind. Lede sal per sms laatweet word indien daar nog plekke beskikbaar is. | Rudi Myburgh / Debbie |
| **2.2** | **Pietersburg afsluiting – 28 November 2014** | |
| | Rudi noem dat Pietersburg se prysuitdeling en afsluiting op 28 November 2014 sal plaasvind. Die koste is R70.00/persoon. Die tak sal vir die vermaak en dekor betaal. | Almal |

## 3. ALGEMEEN<br>GENERAL

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | **Wapenwet** | |
| | `n Bespreking vind plaas rondom voorgestelde veranderings aan die wapenwet. Lede word versoek om bedag te wees op veranderinge en om vir Rudi te laatweet indien hulle van iets sou hoor. | Almal |

## 4. VOLGENDE VERGADERING<br>NEXT MEETING

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Die volgende ledevergadering sal plaasvind op 3 Februarie 2015 om 18:00 in die saal. | |

**5. AFSLUITING**
**CLOSING**

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | Rudi bedank almal vir hulle insette en bydraes gedurende die jaar. Almal word `n geseënde Kersfees veilge vakansie toegewens. | |

**6. GOEDGEKEUR**
**APPROVED**

____________________ ____________________

Sekretaris Datum

____________________ ____________________

Voorsitter Datum